

Beplan só vir sorgvrye aftrede



Bietjie dinkwerk en 'n positiewe uitkyk beteken baie

Nico van Gijsen



Raad met jou rande

Aftrede lui 'n nuwe tydperk in 'n mens se lewe in. Niks is dieselfde nie. Dit geld eweneens jou finansiële beplanning. Jy moet anders beplan. Daar is twee tipes beplanning vir aftrede.

Die een is beplanning vir die toekoms. Jy spaar om genoeg welvaart te skep, verkieslik op 'n belastingvoordelige manier, sodat wanneer die tyd aanbreek dat jy moet of wil aftree, daar genoeg kapitaal beskikbaar sal wees om 'n inkomste te voorsien waarvan jy kan leef en ná jou dood vir 'n gade of lewensmaat wat van jou afhanklik is.

Dit verg dissipline oor 'n lang tyd.

Die ander is beplanning vir die nou. Jy staan voor die aftredeur. Wat jy gespaar

het, het jy gespaar.

Ons kyk vandag na hierdie tweede tipe aftredebeplanning. Dit verg net soveel dissipline. En dis ook 'n langtermynplan, al beseft baie dit nie.

Geldfoute wat jy maak in hierdie stadium van jou lewe kan nie meer reggemaak word nie. Daardie bootjie het saam met gisteraand se son oor die horison verdwyn.

Kom ons kyk na 'n paar waarhede.

Ouderdom

Pasop om aan jouself te dink as oud. Negatiwiteit kan jou oor die wal stoot. Jy het nog 'n lang lewe voor jou. Geniet dit. Beplan om dit te geniet.

Vergeetagtigheid

Mense is lief om te sê ouer mense vergeet goed. Ek verskil. Ek dink ouer mense is net slim genoeg om die twak in die lewe te ignoreer. En dan dink ander hulle is vergeetagtig.

As jy wil vergeet, vergeet dan gerus van oorsese reise en nuwe motors. Dis nie so belangrik as finansiële gemoedsrus nie. As jy kan, is dit goed, maar maak eers seker. Doen eers die somme.

Vergeet van geld vir kinders leen. As jy my nie wil glo nie, kyk om jou. Kyk hoeveel oumense sit in die moeilikheid omdat hulle ná aftrede eers oorsee gaan rondrits het, of vir kinders geld geleen het. Laat hulle vir hulself werk. Kyk na jouself.

Woonplek

Waar gaan jy woon? Hopelik nie by kinders nie (vergeet sommer hiervan ook, terwyl jy nou mag vergeet). Jou onafhanklikheid, en daarmee saam jou waardigheid, is onmiddellik in gevaar.

Daar is seker uitsonderings, maar dis wat my betref uitsonderings, nie die reël nie, maar op die gehalte van lewe. Ek hoor gereeld van ouers wat by kinders ingetrek het en dan nie hul gesigte mag wys as kinders se gaste opdaag nie.

Beskerm jou finansiële onafhanklikheid en daarmee saam jou waardigheid.

As jy 'n eie betaalde woonplek het, woon gerus daar, maar begin reëlings tref vir wanneer jy dalk verswak raak. Die lewe is nie sentimenteel nie. Ons gaan nie almal gesond dood nie.

Stel ondersoek in na aftree-oorde. Kyk na goeie diens, versorging en bekostigbaarheid. Met 'n positiewe ingesteldheid, is dit 'n baie sinvolle oplossing vir jou ou-dag.

Geldhiënas

Vir die meeste mense is aftrede die tyd in hul lewe waar hulle die meeste geld het. Die skielike rykdom laat sommiges se koppe draai. En dan gee hulle geld uit asof daar nie 'n môre is nie.

Pasop vir die slagkat. Dink dat jy dalk 30 jaar lank gespaar het daaraan, maar 40 jaar lank moet leef daarvan.

Maar daar is ander ook wat jou nuwe "rykdom" beseft. Die geldhiënas.

Die ongelukkigheid is dat hulle soms moeilik te onderskei is van etiese en kundige finansiële beplanners wat jou geldlewe ná aftrede vir jou minder problematies kan maak.

Ek sien baie mense, onseker mense, dink om drie, vier, makelaars of versekeringsagente te nader vir 'n "plan" is 'n slim manier van doen. Dit is nie. Waarop gaan jy oordeel? Jy weet min of niks.

Baie mense kies so die een wat die hoogste opbrengs belowe. Kies so en jou geld gaan weggaan, so seker as wat ek hier skryf, want dis hoe die geldhiënas toeslaan, hulle wat teer op jou gierigheid.

Beleggingsrisiko

Dit hang saam met die vorige punt. Hoe hoër die opbrengs wat jy verwag, hoe groter die beleggingsrisiko. 'n Fonds wat verlede jaar 30% groei gehad het, se kans om vanjaar met 30% te daal is baie, baie goed.

Die rubriek is nie bedoel om omvattende opleiding te verskaf in beleggingsbeplanning nie, maar ek wil tog een voorbeeld noem van hoe risiko bepaal kan word, waarop jy tog kan let as jy opbrengs gedrewe aanbiedinge kry.

Dit word gedoen deur die addisionele opbrengs (dit wat jy meer kry as in 'n risikovrye belegging) te deel met die risikofaktor van die portefeulje, meer tegnies genoem die "standaardafwyking".

Dit gaan oor goed soos vierkantswortels en wiskundige gemiddeldes, so kom ons ignoreer dit liever. Wat behels dit en hoe raak dit jou?

Kom ons sê die standaardafwyking (lees die fondsinligtingsblad) van 'n portefeulje is 20% en die gemiddelde opbrengs is 10% per jaar. Dan kan ons verwag dat die portefeulje in twee uit elke drie jaar vir jou 'n opbrengs van +30% (20 + 10) en -10% (10 - 20) gaan gee.

Almal soek die 30%-opbrengs, glo ek, maar het jy die beleggingsaptit vir 'n negatiewe -10%?

Verstaan risiko voor jy jou laat lei deur beloofde opbrengs.

'n Sorgvrye aftrede kort net 'n bietjie beplanning. En 'n positiewe kop.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com.